



Bou ons kinders vir môre

Konfirmasie 1

**Lestitel: My Bybel**

# 'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



# Liewe Ouer

Welkom by die les: “**My Bybel**”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

## Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

| Stap | Aksie  |
|------|--|
| 1.   | Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk:<br><a href="https://bit.ly/3NACSSHS">https://bit.ly/3NACSSHS</a>   |
| 2.   | <p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• Bybel</li><li>• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is</li><li>• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.</li><li>• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is</li><li>• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie)</li></ul> <p><b>Nota:</b></p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste!<br/>Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.</p> |
| 3.   | Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.  |



## Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

| Stap | Aksie  |
|------|--|
| 4    | Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees.<br><b>Voorbeeld:</b> Sit op 'n mat of om 'n tafel. |
| 5    | Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan.<br>Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.                |
| 6    | Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.  |
| 7    | Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.  |
| 8    | Bied die les vir u kind aan.   |
| 9    | Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.  |
| 10   | Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)   |
| 11   | Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.   |

### Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



## Die Les

|                   |   |
|-------------------|---|
| <b>Lestitel</b>   | My Bybel  |
| Bybeltekste       | Bybeltekste wat hieronder in die lesopsomming opgeteken is  |
| <b>Lesdoelwit</b> | Die kinders leer om die struktuur van die Heilige Bybel en die waarde daarvan te ken. Hulle kan die Bybel gebruik ten bate van hulle persoonlike geloofslewe. |

## Lesopsomming:

### 1. Die Bybel is die basis vir die onderrig in ons kerk

- Dit vertel ons van die verlede, bring vertroosting en kennis in die hede en openbaar die toekoms.
- Alles wat ons in ons kerk geleer word, het sy grondslag in die Bybel (Skryf).
- Niks in ons leer kan die Heilige Skryf weerspreek nie.

### 2. Die Heilige Gees help ons om die Bybel te verstaan

- Die Heilige Bybel (Heilige Skryf) is geïnspireer deur die Heilige Gees.
- God se wil, en dus ook die Bybel, kan slegs verstaan word deur die aktiwiteit van die Heilige Gees. (1 Korintiërs 2: 10-12)
- As “dienaars van Christus en bedienaars van die verborgenhede van God” (1 Korintiërs 4: 1), word die apostels ook die opdrag gegee om die Heilige Skryf te interpreteer.

### 3. Die belangrikheid van die Bybel vir ons en die rol daarvan in ons daaglikse lewe

- Deur die Bybel te lees, vergroot ons ons kennis en begrip rakende God se verlossingsplan.
- Die Heilige Gees kan ons help om baie van die dinge wat ons in die Bybel lees te verstaan, en as ons dit nie verstaan nie, kan ons ons diensknegte vra.
- God kan deur middel van 'n gedeelte uit die Bybel vir ons 'n antwoord gee op 'n vraag wat ons het.
- Deur die Bybel kan God ons vertroos (Psalm 23), Hy kan ons krag gee (Efesiërs 3: 14-17) en ons wys dat Hy ons liefhet (Johannes 14:21).

### 4. Die struktuur van die Bybel

| OU TESTAMENT         | NUWE TESTAMENT        |
|----------------------|-----------------------|
| 17 Historiese boeke  | 5 Historiese boeke    |
| 5 Leerstellingsboeke | 21 Leerstellingsboeke |
| 17 Profetiese boeke  | 1 Profetiese boek     |
| 15 Apokriewe boeke   |                       |



- Die **Ou Testament** handel oor:
  - o Die verhaal van die Skepping
  - o Die ontwikkeling en geskiedenis van die volk van Israel
  - o Leerstellings en profetiese boeke uit die tyd voor Jesus se geboorte.
- Die **Nuwe Testament** bevat die rekords oor die volgende:
  - o Missie en aktiwiteit van Jesus Christus en sy apostels,
  - o Briewe van apostels aan die gemeentes van die vroeë kerk,
  - o Openbaring van Jesus Christus
- Die apokriewe (verborge skrifte) is geskryfte van die Ou Testament wat tussen die 3de en die 2de eeu vC (Voor Christus) tot stand gekom het. Hierdie geskryfte vorm 'n skakel (bindmiddel) tussen die Ou en die Nuwe Testament en kan gevind word tussen die Ou en die Nuwe Testament in die "New King James"-weergawe van die Bybel.

**EK WIL OOK ... van my bybel gebruik maak! Ek wil daagliks my Bybel lees!**

## **Wat beteken hierdie les vandag vir ons?**

- Die Bybel is die basis van die beleringe en die leerstellings van ons kerk.
- Die Heilige Gees help ons om die Bybel te verstaan.
- Die Bybel gee ons insig in God se verlossingsplan.
- Ek wil my Bybel gebruik om kennis en begrip van my geloof te laat toeneem.

## **Dit is die vrae en antwoorde in die werkboek:**

**1. In watter boeke word die verslae oor die Here Jesus se geboorte, dood en opstanding gevind?**

*Antwoord: In die evangelies volgens Matteus, Markus, Lukas en Johannes*

**2. Watter boek dek die gebeure na Jesus se opstanding en die werksaamhede van die eerste apostels?**

*Antwoord: Die Handeling van die Apostels*

**3. Watter verse in Jona 2 beskryf hoe Jona in die buik van die vis tot God gebid het?**

*Antwoord: Verse 3-10*

**4. Na watter gebeure word daar in die volgende Bybelgedeeltes verwys?**

*Antwoord: Johannes 14: 3*

*Christus se wederkoms.*

*1 Thessalonicense 4: 15-17*

*Die transformasie van die lewendes en die opstanding van die dooies as die Here terugkeer*

*Handeling 1: 9-11*

*Die Here Jesus se hemelvaart en die belofte van sy wederkoms.*

*Openbaring 19: 7*

*Die huwelik van die Lam.*



**5. Watter manne van God word in die volgende Bybelgedeeltes genoem?**

*Antwoord: Genesis 39: 9      Josef  
Eksodus 19: 24      Moses  
Rigters 7: 19-22      Gideon  
1 Konings 19: 5-8      Elia*

**6. Lees Openbaring 1: 1-3 en beantwoord die volgende vrae:**

*Antwoord: Wie het die Openbaring ontvang?      Johannes.  
Wie se Openbaring is dit?      Jesus Christs.  
Wie het dit afgelewer?      Een van sy engele.  
Waarna verwys hierdie boek?      Gebeurtenisse wat binnekort sal plaasvind.*

**'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:**

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag  
Seën alle ouers en kinders  
Mag ons u teenwoordigheid aanvoel  
Seën die les wat ons gaan hê  
Leer ons hoe om U te dien  
En help ons om U wil te doen  
Sodat ons nader aan U groei  
Stuur Jesus om ons te kom haal  
En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet  
Amen



notas